Tema: Die Verbondsgesin wat eerbied vir God het, Hom getrou dien en mekaar in liefde vashou ontvang Geesteskrag van God om die eise van die lewe te hanteer.

Lofsang met die oog op die erediens
Sb 1-2: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Sb 12-3: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 105-1: 1, 2, 5
Geloofsbelydenis 12 Artikels.

Verootmoedigingsdiens Wet:
Deut. 6: 1 – 25
Sing Ps. 119-2: 1, 3, 27
Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier
Bediening van die Doop
Sing na die doop: Sb 16-1: 1, 2, 3
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 1 Sameul 1 en 2
Teksvers: 1 Sam 1: 11 en 2 : 29
Sing: Ps. 25-1: 2
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawe
Sing Ps. 128-2: 1, 2
Wegstuurseën
Amenlied Sb 13-2

Geliefde brs. en srs. en kinders

Ons gesinslewe verkeer onder baie groot druk. Die eise van ons tyd en ons leefstyl eis sy tol al hoe meer op ons gesinsverhoudinge. Ouers gee meer tyd en krag aan hulle werk om alles te doen wat van hulle verwag word en om te sorg vir die lewensonderhoud van hulle gesin. By sommiges ouers het dit al lewenspraktyk geword om meer tyd by die werk as by die huis deur te bring.

Ons skole met hulle vol programme eis ongelooflik baie van ons kinders en plaas hulle onder baie groot druk. En sommige ouers verwag dat kinders bykans aan alles moet deelneem om hulle geleenthede ten volle te gebruik. Ek weet nie of ons volwassenes altyd besef wat groot druk daar op ons kinders is nie.

Die afwesigheid van ouers plaas ook druk op kleiner kinders wat die behoefte het aan nabyheid en koestering. Verder ervaar baie gesinne spanninge in tiener- en ouerverhoudinge omdat ons so maklik by mekaar verbyleef en nie weet wat in my kind se lewe aangaan nie. Ons het in die eerste preek oor hierdie onderwerp ook gesien hoe maklik spanninge in huweliksverhoudinge kan oplaai en tot uitbarsting kom.

Die vraag is nou: Hoe hanteer ons hierdie dinge? Wat is ons antwoord hierop?

Sommige mense ignoreer eenvoudig die spanning en leef maar asof niks gebeur nie – en tog is hulle in hulleself diep ongelukkig. Ander werk nog harder in ŉ poging om die druk weg te werk. Tieners en jongmense raak by destruktiewe dinge betrokke in ŉ poging om te ontsnap aan ŉ wêreld waarin hulle voel dat niks meer die moeite werd is nie.

Gesinslede onttrek hulle van mekaar omdat hulle nie kans sien om die probleme te hanteer nie. In plaas daarvan om meer tyd met mekaar deur te bring en meer met mekaar te praat – beweeg ons weg van mekaar met die verskoning dat daar net nie tyd is om aan ons gesinsake te spandeer nie.

In plaas daarvan om juis ons krag as gesin in die Here te soek – kry ons meer verskonings om nie persoonlike godsdiens te beoefen nie. Die gebedsvraelys wat ons ŉ tyd gelede deur gemeentelede laat invul het, bevestig dat mense al hoe minder bid en gesinne al hoe minder huisgodsdiens hou. Ons kry al meer verskonings dat ons nie tyd het vir huisgodsdiens hou nie. Gesinne kry – “onder die druk van die tyd” meer verskonings waarom hulle nie nou tyd het nie en ook te moeg is om die Here hier in die erediens te kom dien nie.

Geliefde ouers, pa en ma, en liewe kinders, die Here gee vanoggend vir elke huisgesin en vir elke gelowige ŉ antwoord op hierdie probleme. Met die geskiedenis van Elkana en sy gesin en Eli en sy gesin gee die Here perspektief op hierdie tendens van ons tyd:

Die Here sê vanoggend vir ons:

Die Verbondsgesin wat eerbied vir God het, Hom getrou dien en mekaar in liefde vashou ontvang Geesteskrag van God om die eise van die lewe te hanteer.
Die gesin wat eie belange voorop stel en nie die Here nougeset dien nie, val uitmekaar in tye van druk en spanning. Dit is die eenvoudige waarheid van die Woord wat ons gesinslewens nou nodig het.

Die boustene vir ŉ Bybelse gesinslewe word vir ons gegee in die leefwyse van Elkana en sy gesin en dit word tot ŉ hoogtepunt gevoer in Hanna se gebed in die tempel.

Kom ons kyk bietjie na hierdie gesin:
Het julle gehoor hoe getrou Elkana en sy hele gesin die Here gedien het? Hy het getrou aan al die voorskrifte van die erediens in die tempel meegedoen en sy gesin met hom daarin saamgeneem.

Het julle die liefde en deernis gesien waarmee Elkana die groot hartseer van Hanna hanteer het. Sy kon nie voldoen aan een van die grootste verwagtinge wat ŉ man in daardie tyd van sy vrou gehad het nie, nl. om vir hom kinders te baar nie. Maar selfs ten spyte van die feit dat sy vrou hom teleurgestel het – het Elkana haar opofferend liefgehad en haar gedurig daarvan verseker.

Gelowige gesinne spring egter nie versoekinge en beproewinge vry nie!
Die duiwel werk juis hard in gelowige gesinne om die gesinslewe te vernietig. So het Penina haar verlustig in Hanna se hartseer en haar so aanhoudende gespot dat dit Hanna tot trane gedryf het. Maar Hanna laat nie toe dat dit haar van die regte optrede weerhou nie. Sy vlug na die Here en gaan smeek Hom daar om genade in sy huis.

Geliefdes, in Hanna se gebed kom ons by die grootste bousteen van ŉ gelowige gesin! Brs. en srs, die wyse waarop Hanna die Here aanspreek gee vir ons die fondamentsteen en die dryfveer vir hierdie gesin se optrede:
Sy begin haar gebed met: “Here, Almagtige” In Hebreeus is dit: *Jahwe Sebaot* – “Die Here van die leërskare”, soos die ou vertaling lui. Dit is hier die eerste keer dat die Here so genoem word in die Bybel. Die gebruik van hierdie Naam dui op die eerbied en respek wat ŉ mens vir die Grootheid, krag en Almag van God het. Met hierdie Godsnaam maak ŉ mens jou klein voor die Here en erken jy dat Hy in beheer van jou lewe is. As jy God so aanspreek bewys jy jou respek en eer vir God en dat jy Hom eerste stel in jou lewe.

Respek vir God se grootheid en die erkenning van jou kleinheid.
Dit, brs. en srs., was die geloofsfondament waarop Elkana en sy gesin geleef het. Dat God eerste gekom het in hulle lewe as gesin. Saam het hulle die Here gedien. Elkana, as man en vader, het sy gesin gelei in hulle aanbidding. Hy het sy hartseervrou liefgehad ten spyte van alle teleurstellings in sy huwelik. Hanna het haar man so liefgehad dat sy iets byna ondenkbaar gedoen het. Sy gaan bid ŉ seun van die Here af met die belofte dat as die Here hom vir haar gee, sy die seuntjie aan die Here sal teruggee. As die Here haar net hierdie huweliksvreugde sal gee.

Getroude broers: wat vra die Here hier van ons as hoof van die huisgesin?:
1. Om soos Elkana Geestelike leiding aan ons gesinne te gee! Hoe? Deur self die Here toegewyd dien. Deurdat jy as man en pa self daagliks voor God buig en jou krag en leiding by Jahwe Sebaot gaan soek – By die Here die Almagtige! Dat jy as man leer om voor God te buig sodat jy voor jou gesin kan staan! Geliefde brs en pa’s : wat dink kan belangriker in jou lewe wees as dit?
Onthou wat die Here jou in Psalm 127 leer: as die Here die huis nie bou nie – is al jou vroeg opstaan en lang ure werk – verniet! Moenie dat die duiwel jou tyd met God steel nie! Jy as geestelike leier moet jou gesin op baie gereelde basis met die Woord te bedien - huisgodsdiens te hou – vir jou vrou en kinders te bid en jou kinders die weë van die Here leer. Dis jou verantwoordelikheid om te sorg dat jy en jou gesin die Here hier kom aanbid en jou kinders in die Katkisasie in die Woord onderrig word!
Brs – kom ons leer vanmore by Elkana!

2. Ons moet ons vrouens liefhê: huweliksliefde is ŉ opdrag van die Here –ondanks al die dinge waarin jou vrou jou mag teleurstel. Liefde is harde werk – dit vra selfverloëning. Jou liefde vir haar hang nie van haar af nie – maar van jou.

As jy God vrees, geliefde broeder – dan sal jy die nodige aandag aan jou vrou en kinders skenk. Dan gebruik jy nie jou werksdruk om weg te vlug van jou gesinsverantwoordelikhede nie. Geld, status, gemeenskapsbetrokkenheid is nie belangriker as jou familie nie! Dit is waar jou eerste verantwoordelikheid lê. Bring tyd deur saam met jou gesin.

Geliefde vroue, wat leer die Here jou in hierdie geskiedenis?
1. As jy respek het vir die Here en Hom liefhet – sal jy jou man met dieselfde toewyding as Hanna liefhê. Sal jy bereid wees om groot opofferings te maak om jou huwelik ŉ gelukkige en geseënde huwelik te maak. Dat jy – soos Hanna - dit wat vir jou die belangrikste in jou hele lewe is – in gebed voor God sal bring en alles sal doen om ŉ gelukkige huwelik te hê.

Dat jy as ma, soos Hanna, jou kinders aan die Here wy! In ons konteks : om hulle so in die geloof op te voed en te begelei en vir hulle die voorbeeld te stel! Dat jou kinders jou as ma se geloof sien en volg en dat hulle ook hulle lewe lank – soos Sameul – die Here sal dien. Dan was jy as ma suksesvol!!

Liewe kinders – nou praat die Here met julle!
Wat beteken dit om eerbied vir die Here te hê? Dit beteken om te weet: die Here is Groot en Sterk en Magtig! Hy kan enige iets doen en Hy sal jou in enige iets in jou lewe help! Jy kan maar net bid en vra en die Here sal jou help!

Maar Hy verwag ook dat jy as kind Hom gehoorsaam moet wees. Soos Elkana se kinders moet julle in gehoorsaamheid aan die Here – saam met pa en ma - vir die Here lief wees en vir Hom werk. Jy moet jou Bybel lees, en bid en saam erediens toe kom om hier te hoor wat die Here vir jou sê. Jou katkisasiewerkies getrou vir die Here doen!
Kyk net hoe gehoorsaam het Sameul van kleins af gehoorsaam die Here gedien. Van drie jaar oud af – het hy vir God gewerk!!!!! (Wie is drie en ouer)

Geliefdes, as ons eerbied vir God nie blyk uit die wyse waarop ons as gesinne die Here dien nie, dan sal ons die pad van Eli en sy gesin loop.
Eli – die “hoëpriester”!! Die leierdominee van die gemeente!
Brs. en srs.- status en aansien en geld waarborg nie ŉ gesonde gesinslewe nie. Eli en sy gesin het juis nie die respek vir die Here gehad en Hom getrou gedien nie!

Sy seuns was priesters in die tempel van die Here – dominees in ons taal vandag – en hulle - wat gekies was om die Here te dien, wat veronderstel was om te weet wat God wil hê - hulle steur hulle nie aan die Here nie. Hulle het geen respek en eerbied vir God nie. Hy misbruik hulle mag en beroof mense van geestelike gawes!

Eli toon nie respek vir God nie omdat hy nie met dissipline teen sy kinders opgetree het nie. Die Here sê: Hy het sy kinders liewer gehad as vir God. Geliefdes, dit mag nie met ons gebeur nie – Geen mens mag God se plek in my lewe inneem nie – nie my man, vrou of kind nie. Die Here Jesus het gesê: Hy wat sy vader en moeder liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie, hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie.”

Daarom, ouers, moet ons ons kinders tug en vermaan as hulle ongehoorsaam is. Ten spyte van wat sommige geleerdes en die menseregte van vandag sê, moet ŉ ongehoorsame kind gestraf word. Ons afwesigheid tuis is nie ŉ verskoning om ongehoorsame en opstandige kinders vrye teuels te gee nie. Die straf op Eli se seuns was die dood - volgens Num 15. Omdat Eli nie wou straf nie sou God hulle finaal straf met die dood.

Liewe tieners en jongmense: julle moet gehoorsaam wees aan julle ouers. God leer julle in die Vyfde gebod: Eer jou vader en jou moeder. Hoekom? Omdat julle God eer, omdat julle Hom liefhet en gehoorsaam, daarom eer julle ook julle ouers. Die norm is nie – soos julle dikwels dink - wat my maats maak nie of hoe my maats se ouers hulle hanteer nie – maar hoe wil die Here hê moet ek optree.

Geliefdes, ongehoorsaamheid word gestraf. Gesinne wat hulle rug op die Here en op mekaar draai sal swig onder die druk van die wêreld en tot niet gaan – soos Eli en sy seuns.

Geliefdes, deur Gods genade is ons Verbondsgesinne! Dit het ons vanmore weer met ons eie oë gesien: die doop as teken van ons Verbond met God! God het met ons as ouers en met ons kinders ŉ ooreenkoms gesluit dat Hy in ons lewe sal werk en aan ons die genade sal gee om in respek vir Hom te kan lewe!

Want deur God se genade het Hy in Elkana se tyd die belofte gegee dat Hy ŉ betroubare priester sal aanstel om sy volk te lei. En hierdie priester was klein Sameul!
So word Sameul die heenwysing na Christus die volmaakte en die betroubare priester wat die volkome offer gebring het. God het ons deur Christus sy gesin gemaak. Deur die genade in Christus kry ons vergifnis vir ons gesinsontrou, kry ons ook krag deur die Heilige Gees om Godvresende gesinne te wees.

Hanna besing God in haar dankgebed as die God wat lewe uit die dood gebied.
Hy is immers die Jahwe Sebaot: die Almagtige. Die geboorte van Sameul was vir haar die teken van God se liefde en sy vermoë om nuwe lewe te skep. So geliefdes, kan ons as't ware uit dooie gesinsverhoudinge weer nuwe lewe skep deur ons geloof in Christus. Hy maak alles in ons nuut en die Heilige Gees gee ons die krag om in eerbied en respek vir God te leef. Deur ons vaste geloof in Christus as ons Verlosser kan ons God as gesinne met eerbied dien.

God se liefde vir ons leer ons om mekaar lief te hê. Op grond van sy offer het God ons vergewe en kan ons mekaar vergewe. So kan gesinsbande herstel word en gesinslede mekaar weer opnuut liefhê. Ja, in Christus kan man en vrou weer die vlam van liefde tussen hulle laat opvlam en kan ouers en kinders mekaar weer vind. Kan ons saam in eerbied God dien.

Dit, geliefdes, is God se antwoord vir ons gesinslewe vandag! Te midde van die druk en die uitdagings en die probleme! Die Verbondsgesin wat eerbied vir God het, Hom getrou dien en mekaar in liefde vashou ontvang Geesteskrag van God om die eise van die lewe te hanteer.

Amen.